


HOOFSTUK 2

ORGANIGRAM VAN DIE INFRASTRUKTUUR VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL

ORGANIGRAM TEOLOGIESE SKOOL GKSA / FAKULTEIT TEOLOGIE



Skool vir Bybelwetenskappe en Antieke Tale

Skool vir Kerkwetenskappe

Skooldirekteursekretaresse

Skooldirekteursekretaresse

Skole

Skool vir Bybelwetenskappe en Antieke Tale

Skool vir Kerkwetenskappe

Vakgroepe

Ou Testament, Nuwe Testament, Antieke Tale
(Semitistiek, Grieks, Latyn)

Dogmatologie, Ekklesiologie, Praktiese
Teologie, Missiologie

Komitees: Senaat & Fakulteit

Uitvoerende
Komitee

Dagbestuur

Eksamen-
komitee

Komitee vir
Gevorderde
Grade

Navorsings-
komitee en PTP

Onderrigleer-
komitee

Inligtingsbe-
stuurskomitee

Kommissie vir
Finansiële
Ondersteuning

Eiendoms-
komitee

HOOFSTUK 3

DIE KURATORIUM

1. BEHEER VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL

Die Teologiese Skool is deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika daargestel en word deur dieselfde Kerke beheer, in stand gehou en versorg.

Die Kerke dra dit aan 'n Kuratorium op om beheer en toesig uit te oefen oor die diens van opleiding wat deur professore aan die Skool verrig word.

2. WESE VAN KURATORIUM

Die Kuratorium is 'n vergadering van verkose en gevolmagtigde regeerders of versorgers van die Kerke ten opsigte van predikantsopleiding en wat regstreeks daarmee verband hou. Hierdie samekoms rus op die beginsel van 'n kombinasie van kerke wat vir die bepaalde en beperkte doel van opleiding van bedienaars van die Woord byeenkom. As sodanig funksioneer die Kuratorium as 'n **synodus contracta** en verrig dit 'n besondere kerkregeringstaak met die oog op die voorsiening vir, die sorg van en die toesig oor die diens van predikantsopleiding.

3. SAMESTELLING VAN KURATORIUM

Die Kuratorium word op die volgende wyse saamgestel:

- 3.1 Die Kerke verkies by wyse van die verskillende Partikuliere Sinodes of bevoegde kerklike vergaderinge in die jaar voorafgaande aan 'n Nasionale Sinode elkeen twee predikante (met hul secundi) vir 'n dienstydperk van drie jaar.
- 3.2 Elke sodanige kerklike vergadering voorsien die verkose Kuratore van 'n geloofsbrieff in terme van artikel 33 van die Kerkorde waarin hulle beperkte regeringsopdrag as lede van die Kuratorium omskryf word.

4. KONSTITUERING

- 4.1 Die Kuratorium konstitueer prinsipieel soos 'n meerdere vergadering op grond van die geloofsbriewe van die onderskeie Partikuliere Sinodes (Nasionale Sinode 1991, acta: 50).
- 4.2 Die Rektor van die Teologiese Skool tree met die oog op die konstituering as sameroeper op, en reël dat die konstituering tydens 'n Nasionale Sinode geskied.
 - 4.2.1 Die moderamen van die Kuratorium bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba (Registrateur van die Teologiese Skool - **ex officio** - of lid van Kuratorium) en hulpskriba.

- 4.2.2 'n Kworum bestaan uit die helfte van die moontlike getal Kuratore plus een.
- 4.3 Die Kuratorium kies tydens die konstituering 'n voorsitter vir 'n dienstydperk van drie jaar.
- 4.4 Wanneer 'n primuskurator vertrek uit die ressort van die Partikuliere Sinode wat hom verkies het, bly hy lid totdat die betrokke Partikuliere Sinode op sy eersvolgende vergadering 'n ander persoon verkies.
- 4.5 Dieselfde reëling is ook van toepassing op 'n sekonduslid wat vertrek het uit die ressort van die Partikuliere Sinode wat hom verkies het.
- 4.6 Die vorige Kuratorium bly in funksie totdat die nuwe Kuratorium gekonstitueer het.

5. WERKSAAMHEDE

- 5.1 Die Kuratorium behartig die belange van die Teologiese Skool (Nasionale Sinode 1942, acta :123-124), en wel op so 'n wyse dat al sy handelinge ooreenstem met Gods Woord, die Drie Formuliere van Eenheid, die Kerkorde en besluite van Nasionale Sinodes van die GKSA wat op die Teologiese Skool van toepassing is.
- 5.2 Die opdrag aan die Kuratorium behels wesenlik die versorging van en die toesig oor die professore wat die diens van opleiding van die Teologiese Skool verrig, asook toesig oor die teologiese studente.
- 5.3 Die Kuratorium se werksaamhede sluit die volgende in:
 - 5.3.1 Funksioneer in die Ooreenkoms tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Noordwes-Universiteit (NWU) as die amptelike verteenwoordigers van genoemde Kerke, en sorg vir die uitvoering en toepassing van die artikels van hierdie ooreenkoms (vgl. Nasionale Sinode 2006, acta: 806; Ooreenkoms, art.).
 - 5.3.2 Handhaaf 'n gesonde verhouding tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Noordwes Universiteit, en sorg vir die uitvoering en toepassing van die artikels van hierdie Ooreenkoms (vgl. Genoemde ooreenkoms).
 - 5.3.3 Is geregtig om waar moontlik van tyd tot tyd nominasies vir raadslede vir die Raad van die NWU, in die kategorie van gemeenskapsleiers, te maak.
 - 5.3.4 Uitoefening van die verantwoordelikheid om saam met die Senaat van die Teologiese Skool die Kandidaatseksamen af te neem (vgl. Nasionale Sinode 1967, acta: 48-49).
 - 5.3.5 Die uitreiking van 'n sertifikaat aan studente wat die Kandidaatseksamen suksesvol voltooi het (Nasionale Sinode 1967, acta: 48).
 - 5.3.6 Die reg om die dosering van sekere vakke aan die professore toe te wys en te eniger tyd 'n herrangskikking van leerstoele en professore te bewerkstellig na raadpleging van die Senaat van die Teologiese Skool - selfs al is daar geen vakature nie - as dit in belang van die Skool geag word.
 - 5.3.7 Die reg om professore weens 'n beskuldiging van wangedrag of van valse leer, met behoud van traktement, tydelik die reg om te doseer te ontsê tot tyd en wyl die Kuratorium of die Breë Kuratorium daarvoor beslis het (vgl. Nasionale Sinode 1936, acta: 102, tesame met Nasionale Sinode 1991, acta: 733).

- 5.3.8 Die oproep van die Breë Kuratorium wanneer dit nodig is, byvoorbeeld met die oog op die verkiesing en beroeping van 'n professor of met die oog op die toepassing van die tug in terme van artikels 79 en 80 Kerkorde.
- 5.3.9 Bepaalde verantwoordelikhede ten opsigte van die tuguitoefening (vgl. Nasionale Sinode 1991, acta: 733; 1994:465).
- 5.3.10 Hanteer die toekenning van beurse uit die Kas vir Teologiese Studente, die Jubileumfondsbeurs en ook lenings uit die CHO-Leningsfonds in ooreenstemming met die betrokke reglemente.
- 5.3.11 Besluit oor die toelating en ontslag van teologiese studente, in samewerking met die Senaat van die Teologiese Skool.
- 5.3.12 Skakel met die Administratiewe Buro in sake wat betrekking het op finansies, eiendomme en administratiewe personeel (vgl. Reglement van die Administratiewe Buro, Nasionale Sinode 1985, acta: 212 e.v., en soos daarna gewysig).
- 5.3.13 Is verantwoordelik vir die versorging van die professore en emeritus-professore en hul gesinne in terme van artikels 11, 13 en 20 van die Kerkorde, en oefen die verantwoordelikheid uit volgens die ooreenkoms met die NWU.
- 5.3.14 Nie beroepe dosente:
- 5.3.14.1 Die Kuratore moet in die proses van oorleg met die Universiteit, dus voordat die Universiteit selfstandig die aanstelling van nie-beroepe dosente maak, 'n indringende gesprek met die universiteit oor die moontlike kandidate hou. Hierdie gesprek moet fokus op die besondere gees en rigting van die Teologiese Skool asook op die verwagtings van die GKSA ten opsigte van die opleiding van voornemende predikante, ooreenkomstig die Ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU.
- 5.3.14.2 Indien klagtes ontvang word oor leerdwaling en ander wan-optredes van nie-beroepe dosente moet die saak onmiddellik by die Rektor van die Teologiese Skool aangemeld word. Indien sy ondersoek aandui dat daar 'n prima facie saak is, moet hy dit aan die Uitvoerende Komitee van die Senaat meedeel, waarna die Uitvoerende Komitee besluit of die betrokke aangeleentheid aan die Universiteit (Dekaan Fakulteit Teologie) deurgegee moet word vir optrede. Die Rektor moet ook van sy optrede aan die Senaat en die Dagbestuur van die Kuratore verslag doen. Die Kuratore het ooreenkomstig 2.1 van die Ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU die reg om, indien die saak nie bevredigend opgelos word nie, Kandidaatstudente van die betrokke dosent te onttrek, en te oordeel of dit aangewese is om 'n dosent te beroep en aan te stel, sonder dat die Universiteit sodanige persoon as dosent benoem.
- 5.3.15 Tydelike dosente:
- 5.3.15.1 Die Rektor van die Teologiese Skool en die Dekaan van die Fakulteit Teologie pleeg oorleg oor die persone wat as tydelike dosente in die plek van 'n beroepe dosent sal waarneem. Dit sluit in die kwalifikasies en geskiktheid van die persoon, sowel as die finansiële implikasies van die benoeming vir die TSP en die Fakulteit. Die name van die moontlike tydelike dosente word voor aanstelling aan die Kuratore vir besluitneming voorgelê. Na die goedkeuring van die persoon, word die persoon aangestel vir die betrokke termyn.
- 5.3.15.2 Indien die kuratore (of die Dagbestuur van die Kuratore) 'n klag ontvang in verband met 'n leerdwaling en/of wanoptredes van 'n predikant van die GKSA wat as tydelike

dosent klasgee, word die UK van die senaat onmiddellik in kennis gestel en word die klag aan die tydelike dosent se kerkraad deurgegee.

- 5.3.15. Indien die kerkraad besluit om die predikant (dosent) dadelik voorlopig in sy amp te skors (art 79 KO), onttrek hy hom van alle klasse waarby kandidaatstudente betrokke is. Die verdere voortgang van die werk van hierdie dosent sal afhang van die beslissing oor die klag teen die predikant (dosent) in terme van Art 79, 80 KO.

6. WERKWYSE

- 6.1 Die Kuratorium het die reg om sy eie werkwyse te bepaal, onderworpe aan die goedkeuring van 'n Nasionale Sinode.

6.2 Vergaderings

- 6.2.1 Die Kuratorium vergader normaalweg in Junie en November van elke jaar.
- 6.2.2 Die datum van die vergadering word deur die Kuratorium self, of deur die Dagbestuur bepaal.
- 6.2.3 Die Kuratore word minstens twee maande voor die vergaderdatum skriftelik opgeroep.
- 6.2.4 Die agenda van die vergadering moet in harde kopie, minstens 14 dae vooraf aan die Kuratore beskikbaar gestel word, tensy die Dagbestuur die vergadering adviseer oor die noodsaaklikheid van bykomende agendastukke.
- 6.2.5 'n Buitengewone vergadering word deur die voorsitter in oorleg met die Dagbestuur opgeroep, en die Kuratore word vooraf in kennis gestel van die doel van die vergadering.
- 6.2.6 'n Kworum van die vergadering bestaan uit die helfte van die moontlike getal Kuratore plus een.
- 6.2.7 As 'n Kurator nie teenwoordig kan wees nie, is hy verplig om betyds sy sekundus in kennis te stel om die vergadering by te woon. Hy moet ook die skriba van die Kuratorium van sy afwesigheid in kennis stel.
- 6.2.8 Die Kuratorium lewer in die eersvolgende Nasionale Sinode in die algemeen aan die Kerke verslag van sy werksaamhede (Nasionale Sinode 1991, acta: 505, 4.18).
- 6.2.9 In geval van verskil met 'n besluit of handeling van die Kuratorium is beroep op 'n Nasionale Sinode volgens artikel 31 Kerkorde moontlik.
- 6.2.10 Professore is nie lede van die Kuratorium nie, maar is wel vir informasie en advies teenwoordig, volgens die oordeel van die Kuratorium (Nasionale Sinode 1991, acta: 507, 5.1.7)


6.3 Die Skriba

Die pligte van die skriba van die Kuratorium sluit die volgende in:

- 6.3.1 Aanvaar saam met die Dagbestuur verantwoordelikheid vir die agenda van 'n Kuratorevergadering en die uitstuur aan elke lid van die Kuratorium.
- 6.3.2 Sorg vir die veilige bewaring van die notules en noodsaaklike dokumente deur dit te liasseer en dit dan in 'n boekvorm te bind.
- 6.3.3 Uitsending van 'n afskrif van die notule van die vergadering aan elke lid van die Kuratorium, so spoedig moontlik na die vergadering.
- 6.3.4 Die skriba het nie keurstem nie.

6.4 Die Dagbestuur

- 6.4.1 Die Dagbestuur bestaan uit vyf Kuratore, die Rektor en die Viserektor as adviseurs, en die Registrateur van die Teologiese Skool (**ex officio**) as skriba. Twee lede uit die Kuratorium word as secundi benoem.
- 6.4.2 Die taak van die Dagbestuur is om:
 - 6.4.2.1 die opdragte wat die Kuratorium aan hom opdra, uit te voer;
 - 6.4.2.2 die agenda van 'n vergadering van die Kuratorium gereed te maak;
 - 6.4.2.3 in spoedeisende sake op te tree;
 - 6.4.2.4 as 'n toelatingskomitee te dien met die oog op die toelating van studente as voornemende predikante in die GKSA tot die teologiese studie, onderworpe aan bekragtiging deur die Kuratorium;
 - 6.4.2.5 noukeurig verslag van hul werksaamhede aan die eersvolgende vergadering van die Kuratorium te gee.



HOOFSTUK 4

DIE BREë KURATORIUM (VGL. NASIONALE SINODE 1991, ACTA: 503, 506, 507; 1994 ACTA:650)

1. WESE VAN BREë KURATORIUM

Die Breë Kuratorium rus soos 'n Kuratorium op dieselfde kerkregtelike beginsels as meerdere vergaderinge omdat verteenwoordigers van meer kerke daarin saamkom met die oog op die behandeling en afhandeling van 'n besondere en gemeenskaplike agenda. Vanweë die beperkte opdragte en beperkte samestelling funksioneer dit as 'n ***synodus contracta*** en rapporteer, as beperkte vergadering van kerke, in die algemeen oor hulle handeling (Nasionale Sinode 1991, acta: 502, 505 pt. 4.18).

2. SAMESTELLING VAN BREë KURATORIUM

'n Breë Kuratorium word op die volgende wyse saamgestel:

- 2.1 Die kerke verkies deur middel van die verskillende Partikuliere Sinodes in die jaar voorafgaande aan 'n Nasionale Sinode elkeen twee broeders* (met hul secundi) tot lede van die Breë Kuratorium.

* Die broeders moet predikante en/of ouderlinge wees. Wanneer Partikuliere Sinodes een of meer ouderlinge tot lede van die Breë Kuratorium wil verkies, moet toegesien word dat die broeders kerklik en teologies op die hoogte is (vgl. Nasionale Sinode 1991, acta: 506, pt. 5.1.6).

- 2.2 Elke Partikuliere Sinode voorsien die verkose broeders van 'n geloofsbrief in terme van artikel 33 Kerkorde waarin hulle beperkte regeringsopdrag omskryf word.

3. KONSTITUERING

- 3.1 Die Kuratorium roep die lede van die Breë Kuratorium byeen wanneer nodig:

3.1.1 Die skriba van die Kuratorium gee normaalweg minstens vier weke voor die vergadering aan elke lid skriftelik kennis van die vergadering. Indien 'n lid nie teenwoordig kan wees nie, moet hy aan die skriba betyds daarvan kennis gee sodat die sekundus opgeroep kan word.

3.2 Die Breë Kuratorium bestaan uit die Kuratorium (wat reeds afsonderlik gekonstitueer is) en lede wat slegs vir die doeleindes van 'n Breë Kuratorium verkies is.

3.3 Onder leiding van die moderamen van die Kuratorium word die geloofsbriewe van die ander afgevaardigdes gekontroleer en konstitueer die vergadering as 'n Breë Kuratorium (wat wesenlik as 'n uitgebreide Kuratorium funksioneer).

3.4 Die vergadering vergader onder leiding van die moderamen van die Kuratorium, soos bepaal in Nasionale Sinode 1991, acta: 507 pt. 5.1.8.1, saamgelees met p. 733 pt. 2.1.11.2.

3.5 Die kworum bestaan uit die helfte van die moontlike getal lede plus een.

- 3.6 Wanneer 'n lid van die Breë Kuratorium vertrek uit die ressort van die Partikuliere Sinode wat hom verkies het, bly hy lid totdat die betrokke Partikuliere Sinode op 'n eersvolgende vergadering 'n ander persoon verkies het.
- 3.7 Dieselfde reëling is ook van toepassing op 'n sekonduslid wat uit die ressort van die Partikuliere Sinode wat hom verkies het, vertrek.
- 3.8 Professore is nie lede van die Breë Kuratorium nie, maar kan die vergadering met die oog op informasie en advies bywoon (Nasionale Sinode 1991, acta: 507, pt. 5.1.7).

4. WERKSAAMHEDE

- 4.1 Die Breë Kuratorium is verantwoordelik vir die verkiesing en beroeping van professore (vgl. prosedure by 5 hieronder).
- 4.2 Die Breë Kuratorium oefen die tug oor professore uit ooreenkomstig artikels 79-80 van die Kerkorde (vgl. prosedure in Nasionale Sinode 1991, acta: 733; 1994:465).

5. PROSEDURE TYDENS VERKIESING EN BEROEPING VAN PROFESSORE

5.1 Die volgende prosedure word voor die Beroepingsvergadering gevolg:

- 5.1.1 Die Kuratore in samewerking met die Senaat van die Teologiese Skool en met advies van die Fakulteit Teologie stel die posprofiel vir die bepaalde pos saam. Normaalweg behoort dit ses maande voor die Beroepingsvergadering plaas te vind. Die posprofiel word so gou moontlik na hierdie vergadering aan al die lede van die Beroepingsvergadering deurgestuur.
- 5.1.2 Die lede van die Beroepingsvergadering kan aan die hand van die posprofiel kandidate voorstel, met 'n duidelike motivering asook 'n volledige voorlegging van die CV van elke voorgestelde kandidaat.
- 5.1.3 Die Teologiese Senaat maak 'n gemotiveerde aanbeveling oor die name van daardie bedienaars van die Woord wat volgens hulle kwalifikasies en prestasies aan die vereistes van die posprofiel voldoen, en in aanmerking kan kom. In hierdie proses word die voorgestelde name wat lede van die Beroepingsvergadering voorgestel het ook oorweeg.
- 5.1.4 Hierdie aanbeveling word aan die Dagbestuur van die Kuratore voorgelê, en die Dagbestuur is verantwoordelik vir die geskikte lys van moontlike kandidate wat aan die Beroepingsvergadering voorgelê moet word. 'n Verslag met 'n volledige motivering, en met die CV van elke moontlike kandidaat word aan die Beroepingsvergadering voorgelê.

Hierdie lys van name word in terme van 2.1 van die Ooreenkoms aan die NWU voorgelê.

5.2 Tydens die beroepingsvergadering

Na die opening en konstituering van die vergadering, en nadat die vergadering hom vergewis het van die toepaslike bepalinge in die Ooreenkoms met die Noordwes-Universiteit, word die volgende prosedure gevolg:

- 5.2.1. Die Dagbestuur lê die lys van moontlike kandidate aan die vergadering voor (soos gestel in 5.1 hierbo) en met die inligting oor die NWU se beoordeling oor die posvlak van elke moontlike kandidaat (soos gestel in 2.1 van die Ooreenkoms).

5.2.2 Die Beroepingsvergadering oordeel en besluit in die lig van die naamlys wat die Dagbestuur voorlê (vergelyk 5.2.1), by wyse van geslote stembriewe finaal oor die vasstelling van die groslys van kandidate wat in aanmerking kan kom, Die groslys is 'n aanduiding van daardie persone wat volgens die oordeel van die Beroepingsvergadering aan die posprofiel beantwoord.

5.2.3 Bespreking van die kandidate wie se name op die groslys voorkom, in die afwesigheid van die kandidate. Die betrokke persone word in alfabetiese volgorde bespreek ten opsigte van hul:

- akademiese loopbaan;
- loopbaan as bedienaar van die Woord;
- leer en lewe;
- persoonlikheid.

5.2.4 Stemming per geslote stembriewe geskied nou op die volgende wyse:

5.2.4.1 Uit die groslys word 'n drietal saamgestel - wat beteken dat elke lid van die vergadering drie stemme moet uitbring.

5.2.4.2 Indien die vergadering dit verlang, vind 'n bespreking oor die drietal plaas - in hul afwesigheid - waarna 'n semi-finale en/of finale stemming gehou word.

5.2.4.3 Indien daar na die stemming, genoem in 5.6.2 hierbo, geen volstrekte meerderheid verkry is nie, word 'n finale stemming gehou tussen die twee kandidate wat die meeste stemme ontvang het. Ingeval die derde persoon van die drietal wat uitgeval het, 'n lid van die Beroepingsvergadering (Breë Kuratorium) is, moet hy ingeroep word om deel te neem aan die finale stemming tussen die tweetal.

5.2.5 Die bedienaar van die Woord wat die meeste stemme behaal het en wel met volstrekte meerderheid sal deur die voorsitter as verkose verklaar word.

5.2.6 In geval van staking van stemme sal gehandel word volgens die besluit van die Algemene Sinode van Colesberg 1920, acta: art. 139: "As die stemme staak oor sake, het die voorsitter geen beslissende stem nie. As hulle staak oor persone, moet met die aanroeping van die Naam van die Here geloot word".

5.2.7 Die beroepsbrief wat die Kuratorium ooreenkomstig Sinodale bepalings opgestel het, word deur die Breë Kuratorium behandel en voltooi. Na goedkeuring word dit deur die voorsitter en skriba onderteken. Die skriba moet die beroepsbrief aan die verkose broeder besorg.

HOOFSTUK 5

1. DIE SENAAAT VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL

1.1 SAMESTELLING

Die Senaat bestaan uit:

- 1.1.1 Al die teologiese professore van die Teologiese Skool op Potchefstroom;
- 1.1.2 Die Rektor van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus) of sy sekondus as verteenwoordiger van die NWU. Soos van tyd tot tyd deur die Kuratore beoordeel;
- 1.1.3 'n Kurator;
- 1.1.4 Een van die predikante van die Gereformeerde Kerke op Potchefstroom wat deur die Kuratorium vir 'n tydperk van drie jaar benoem word.

1.2 MANDAAT

Aan die Senaat is toevertrou:

- 1.2.1 Die uitvoering van besluite wat die Kuratorium aan hom opdra;
- 1.2.2 Die reëling van die werksaamhede van die professore met goedkeuring van die Kuratorium;
- 1.2.3 Die opleiding en eksaminering van studente met verslag aan die Kuratorium;
- 1.2.4 Die toesig oor die leer en lewe van die professore en onmiddellike rapport aan die Kuratorium in verband met enige saak wat na die oordeel van die Senaat die aandag van daardie liggaam verdien;
- 1.2.5 Die toepassing van Artikel 81 Kerkorde. Die Rektor (of voorsitter van die Senaat) reël dat die Christelike sensuur volgens die beginsel van artikel 81 Kerkorde minstens een keer per jaar tydens 'n vergadering van die Senaat aan die orde gestel word.
- 1.2.6 Algemene toesig oor en skorsing van studente met verslag aan die eerste vergadering van die Kuratorium daarna.
- 1.2.7 Die rapport aan die Kuratorium oor sy werksaamhede, die eksamens, die hulpvake en wat hy ook al nodig mag vind om, minstens een maal per jaar, onder die aandag van die Kuratorium te bring.

1.3 WERKWYSE

Die Senaat reël sy eie werkwyse onderworpe aan die goedkeuring van die Kuratorium. Die Skribaats van die Senaat word deur die Registrateur van die Teologiese Skool behartig.

- 1.3.1 Die Senaat vergader minstens een maal per kwartaal, maar buitengewone vergaderings kan te eniger tyd deur die Rektor of in sy afwesigheid deur die Viserektor of op skriftelike versoek van twee lede van die Senaat opgeroep word.

- 1.3.2 Lede van die Senaat moet minstens twee dae tevore in kennis gestel word van 'n vergadering en die agenda ontvang.
- 1.3.3 Die Registrateur moet van alle vergaderings van die Senaat behoorlik notule hou, en na die vergadering moet 'n afskrif van die notule aan elke lid van die Senaat gestuur word.
- 1.3.4 Die Senaatskas word gesamentlik met die fondse wat die Sinode aan die Kuratore aangewys het, geadministreer.
- 1.3.5 Die Senaat verrig sy werksaamhede onder andere deur die volgende Senaatskomitees:
 - 1.3.5.1 Die Uitvoerende Komitee
 - 1.3.5.2 Studenteversoeke en eksamenkomitee (die UK)
 - 1.3.5.3 Navorsingskomitee en PTP
 - 1.3.5.4 Onderrigleerkomitee
 - 1.3.5.5 Inligtingsbestuurskomitee
 - 1.3.5.6 Komitee vir Finansiële Ondersteuning
 - 1.3.5.7 Eiendomskomitee

1.4 DIE UITVOERENDE KOMITEE

- 1.4.1 Die Uitvoerende Komitee bestaan uit die Rektor, Viserektor en minstens nog een lid van die Senaat wat deur die Senaat benoem word, met die Registrateur as notulehouer.
- 1.4.2 Berei die agenda van die Senaatsvergaderings voor.
- 1.4.3 Voer opdragte van die Senaat uit.
- 1.4.4 Tree in spoedeisende gevalle op.

1.5 WYSIGING VAN DIE MANDAAT

Die Senaat kan by die Kuratorium voorstelle indien om verandering aan of toevoeging tot die mandaat teweeg te bring, wat, na goedkeuring deur die Kuratorium, van krag sal wees.

2. REKTORAAT

- 2.1 Die Kuratorium benoem vir 'n vasgestelde tydperk een van die professore van die Teologiese Skool tot Rektor en een tot Viserektor.
- 2.2 Die Rektor is voorsitter van die Senaat van die Teologiese Skool. In sy afwesigheid ageer die Viserektor.
- 2.3 Die Rektor is in beheer van die ordelike gang van alle sake aan die Teologiese Skool. Hy het sekere afhandelingsbevoegdheid sonder dat hy in alle sake die UK, Senaat of Dagbestuur van die Kuratore hoef te raadpleeg. Dit sluit toesig oor algemene studentesake in. Die Rektor rapporteer oor die uitvoering van sy werksaamhede aan die Senaat en die Kuratorium.

- 2.4 Die Rektor verteenwoordig die Teologiese Skool na buite.
- 2.5 In geval van **prima facie** valse leer of wangedrag van professore moet hy onmiddellik 'n vergadering van die Senaat oproep in terme van die toepaslike bepalinge in hierdie verband. As die Rektor self betrokke is, moet die Viserektor optree.
- 2.6 Die Rektor moet met die hulp van die Registrateur 'n register van die studente hou. By toelating tot die Skool word die name van die studente in die register ingeskryf, en elke student bevestig sy inskrywing met sy naamtekening wat ook dien as bewys van sy onderwerping aan die orde van die Teologiese Skool.
- 2.7 Die Rektor, of in sy afwesigheid die Viserektor, moet studente weens **prima facie** wangedrag tydelik die bywoning van lesings ontsê tot die eersvolgende Senaatsvergadering.
- 2.8 Die Rektor, of in sy afwesigheid die Viserektor, kan te eniger tyd 'n student die bywoning van lesings ontsê wanneer hy dit om gewigtige redes in belang van die Teologiese Skool ag. So spoedig moontlik daarna moet hy rapport hieroor aan die Senaat doen, wat dan verder sal handel. Geen student sal egter sonder toestemming van die Kuratorium van die register geskrap word nie.
- 2.9 Die Rektor lewer jaarliks rapport aan die Senaat waarna die rapport ook aan die Kuratorium voorgelê word.
- 2.10 Die Kuratorium ken jaarliks volgens die begroting 'n toelaag aan die Rektor toe.
- 2.11 Die oordrag van die rektorat vind tydens die promosieplegtigheid van die Teologiese Skool plaas.

3. DIE PROMOSIEPLEGTIGHEID

- 3.1.1 'n Promosieplegtigheid is 'n geleentheid waartydens studente in die openbaar gelukgewens word met hul promovering, waartydens die vyfdejaar studente 'n bewys van preekkonsent (met die oog op die oefening van preekgawes in Gereformeerde Kerke) ontvang, en waartydens die finalejaarstudente hul sertifikate van die aflegging van die Kandidaatseksamen ontvang.
- 3.1.2 Die verrigtinge vind plaas onder leiding van die Rektor en die Senaat, en met goedkeuring van die Kuratorium.
- 3.1.3 Die Rektor en die Registrateur in samewerking met die Senaat moet toesien dat die kerke in die kerkverband kennis neem van die besonderhede van promosieplegtighede, en hartlik daarheen uitgenooi word, insonderheid die kerke in Potchefstroom.
- 3.1.4 Die Rektor van die Teologiese Skool bepaal in samewerking met die Dagbestuur van die Kuratorium die prosedure.
- 3.1.5 Gewoonlik word vir die volgende voorsiening gemaak:
Opening, Geleentheidsrede, Promosie, Gelukwensing, Afsluiting, Funksie

HOOFSTUK 6

DIE PROFESSORE

1. DIE DIENS VAN DIE PROFESSORE

- 1.1 In terme van die Kerkorde (artt. 2 en 18) is die diens van 'n professor 'n afsonderlike diens. 'n Bedienaar van die Woord word afgesonder vir hierdie diens van professor aan die Teologiese Skool kragtens die roeping soos onder andere in 2 Timoteus 2:2 vervat, ten behoeve van die opleiding van voornemende bedienaars van die Woord.
- 1.2 Wanneer 'n bedienaar van die Woord tot diens van professor beroep word, word hy as bedienaar van die Woord van sy kerk volgens artikel 10 Kerkorde losgemaak en met sy bevestiging in die diens van professor aan al die kerke (in nasionale verband) gelyklik verbind. (Bedienaars van die Woord wat volgens 'n vroeëre reëling na analogie van artikel 13 losgemaak is, bly nie aan die bepaalde kerk waar hy geëmeriteer het, verbonde nie, maar is volgens die uitspraak van die Nasionale Sinode 1991 (acta: 501, pt 3.2.13) ook aan al die kerke gelyklik verbonde, en onder die toesig en tug van al die kerke in die kerkverband van die GKSA).
- 1.3 'n Professor aan die Teologiese Skool word slegs uit die diensdoende bedienaars van die Woord van die kerke in die kerkverband en vanuit kerke met wie korrespondensie onderhou word, beroep.
- 1.4 Die beroep van 'n bedienaar van die Woord as professor aan die Teologiese Skool geskied deur al die kerke in die kerkverband van die GKSA deur middel van die Breë Kuratorium, ooreenkomstig die bepalings van die Nasionale Sinodes.
- 1.5 Die diens as professor aan die Teologiese Skool onthef die bedienaar van die Woord van die verpligting aan die ander fasette van die ampswerk as predikant, maar hy behou die bevoegdheid daartoe onder toesig van die plaaslike kerk (acta 1973: 315).
- 1.6 Die professore vervul hul dienspligte soos in artikel 18 van die Kerkorde gereël, en soos die Kuratorium die bepaalde leeropdragte aan hulle toewys.
- 1.7 Die dienswerk van die professore behels die opleiding en eksaminering van die studente met verslag aan die Senaat en die Kuratorium.
- 1.8 Professore aan die Teologiese Skool is ook professore aan die Noordwes-Universiteit kragtens die ooreenkoms tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Noordwes-Universiteit.

2. BEVESTIGING

- 2.1 Die bedienaar van die Woord wat die beroep aanvaar het, moet met die oog op sy bevestiging die Akte van Losmaking van die kerk waar hy gedien het (volgens artikel 10 van die Kerkorde), aan die Kuratorium voorlê.

- 2.2 Die bevestiging vind in en deur die kerk plaas waar hy hom vestig, en volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is (vgl. *Bylae F* p. 79). Die Kuratorium (in plaas van die Deputate van die Klassis) tree by die bevestiging namens die Kerke in die kerkverband op, volgens die beginsel in artikel 5 van die Kerkorde.
- 2.3 Die Kuratorium sien toe dat die professor die Ondertekening-formulier vir professore in terme van artikel 53 van die Kerkorde in die openbaar onderteken.
- 2.4 Die Akte van Bevestiging moet so opgestel wees dat dit die roeping, die diens, die verbondenheid, die toesig en reëlings by sy emeritering duidelik stipuleer. Die Akte van Bevestiging word namens die Kuratorium deur die voorsitter of ondervoorsitter en die skriba van die Kuratorium onderteken.

3. ONDERTEKENINGSFORMULIER VIR PROFESSORE (NASIONALE SINODE 1930, ACTA: 101; 1988, ACTA:409)

Ek, die ondergetekende, professor beroep vir die opleiding van predikante, verklaar met hierdie ondertekening van my opreg en met 'n goeie gewete voor die Here dat ek van harte glo en oortuig is dat al die artikels en leerstukke wat in die Drie Formuliere van Eenheid, teweete die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls, soos aanvaar in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, alles met die Woord van God ooreenstem.

Ek sal hierdie leer ywerig verkondig en getrou verdedig sonder om openlik of heimlik, regstreeks of onregstreeks iets daarteen te leer of te skrywe, en ek sal alles wat daarmee in stryd is, teëstaan en help om dit te weer.

As ek ooit enige beswaar teen hierdie leer of enige onderdeel daarvan mag hê, sal ek die beswaar aan die Kuratorium onder wie se toesig ek dien, voorlê. As 'n Kerkraad, Kuratorium of enige Sinode weens gewigtige redes dit nodig ag om vir die behoud van die eenheid en suiwerheid van die leer van my 'n nadere verklaring van my opvatting oor enige punt van die Gereformeerde belydenis te vra, sal ek te alle tye bereid wees om dit te gee sodat die Kerke daarvoor kan oordeel. Ek sal my aan die oordeel van die Kuratorium en Breë Kuratorium onderwerp, behoudens die reg in artikel 31 Kerkorde vervat.

Gedurende die tyd van appèl sal ek my onderwerp aan die uitspraak en oordeel van die betrokke vergadering.

Ek verklaar dat ek begryp dat indien ek ooit in stryd met bostaande sou handel, ek metterdaad in my diens geskors en my diens beëindig mag word.

4. TOESIG EN TUG OOR PROFESSORE

4.1 Prinsipiële onderskeidings ten opsigte van toesig en tug oor professore

- 4.1.1 Die toesig oor die dienswerk van professore (artt. 2 en 18 van die Kerkorde) is die verantwoordelikheid van al die Kerke in die kerkverband van die GKSA wat dit deur middel van die Kuratorium verrig.
- 4.1.2 Die toesig oor 'n professor wanneer hy sy bevoegdheid uitoefen om as predikant diens te lewer, is die verantwoordelikheid van die plaaslike Kerk waarin dit uitgeoefen word.

- 4.1.3 Die toesig oor 'n professor as lidmaat, is die verantwoordelikheid van die plaaslike Kerk(raad) waar die professor woon en lidmaat is.
- 4.1.4 Die Kuratorium is verantwoordelik vir toesig en tug oor die lewe en dienswerk van 'n professor ooreenkomstig artikels 79 en 80 Kerkorde. Die Breë Kuratorium word opgeroep soos besluit deur Sinode 1994. Die Kuratorium en die Breë Kuratorium is nie bevoeg om toesig en tug in terme van artikels 71-78 Kerkorde uit te oefen nie, aangesien die professor nie lidmaat van die Kuratorium of die Breë Kuratorium is nie (Nasionale Sinode 1991, acta: 733; vgl. Acta, 1994:465).

Die Kuratorium en die Breë Kuratorium oefen die tug volgens artikels 79-80 Kerkorde oor professore uit. Die Kuratorium oordeel oor voorlopige skorsing en skorsing en roep die Breë Kuratorium op om te oordeel oor afsetting.

4.2 Toepassing in die praktyk

- 4.2.1 Die Kerkraad waar die professor lidmaat is, hou toesig oor sy leer en lewe en oefen die tug oor hom as lidmaat uit ooreenkomstig artikels 71-78 Kerkorde. Indien 'n professor hom in leer en/of lewe misgaan, en dit sou lei tot die toepassing van artikel 76 Kerkorde, moet die Kerkraad die Kuratorium daarvan in kennis stel, aangesien dit ook implikasies het vir die dienswerk van die professor, en omdat die toepassing van artikels 79 en 80 Kerkorde dan oorweging behoort te geniet.
- 4.2.2 Wanneer 'n klaarblyklik gegronde beskuldiging teen 'n professor in terme van 4.1.2 hierbo ontstaan, moet die betrokke Kerkraad die klag formuleer en dit saam met die nodige bewysmateriaal by die Kuratorium indien sodat volgens artikels 79-80 Kerkorde gehandel kan word.
- 4.2.3 Behalwe dat 'n klag teen 'n professor by die Kuratorium ingedien kan word, kan dit ook gebeur dat die Kuratorium 'n klag teen 'n professor in terme van artikels 79-80 moet inisieer. In hierdie gevalle moet die Kuratorium die aanvanklike beoordeling doen om naamlik oor die ontvanklikheid te oordeel en standpunt in te neem ten einde te bepaal of die professor voorlopig geskors moet word. Verder word gehandel soos in 4.1.4 hierbo gestel.
- 4.2.4 Wanneer die Kuratorium in terme van artikels 79 en 80 van die Kerkorde 'n klag teen 'n professor in behandeling neem, moet die Kerkraad waar die professor woon van die tersaaklike inligting voorsien word. By die verdere (en gevolglike) toepassing van artikels 76-80 Kerkorde behoort daar voortdurend onderlinge oorlegpleging tussen die Kuratorium en/of Breë Kuratorium en die Kerkraad te wees.
- 4.2.5 Ten opsigte van die toesig en tug oor 'n emeritusprofessor geld dieselfde optrede soos dit hierbo in verband met professore uiteengesit is (vgl. Nasionale Sinode 1997, acta: 526-530).
- 4.2.6 Op enige stadium wanneer die Kuratorium oordeel dat 'n professor se optrede in verband met bostaande sake implikasies vir sy werksaamhede aan die Noordwes-Universiteit kan hê, stel die Kuratorium die Universiteit daarvan in kennis.
- 4.2.7 Die reg van beroep op die Nasionale Sinode kragtens artikel 31 Kerkorde word gehandhaaf. In terme van artikel 30 Kerkorde hoort 'n appèl met betrekking tot diens van professore by die Nasionale Sinode van die GKSA tuis.

5. ALGEMENE BEPALINGE

- 5.1 Na die bevestiging van 'n professor hou die professor op 'n datum wat die Noordwes-Universiteit reël 'n **intreerede** wat volgens die reëling van die Senaat van die Teologiese Skool gepubliseer moet word.
- 5.2 Elke professor moet noukeurig ag gee op die **bywoning van lesings** en die algemene vordering van die studente. Probleme in hierdie verband moet aan die Rektor meegedeel word.
- 5.3 Professore funksioneer volgens die reëling van die Senaat as **voogde** van die studente.
- 5.4 Kragtens artikels 11, 13 en 20 van die Kerkorde is die Kuratorium verantwoordelik vir die **traktering/versorging** van die professore en hul afhanklikes, en die Kuratorium oefen hierdie verantwoordelikheid uit in oorleg met die Noordwes-Universiteit (vgl. ooreenkoms tussen die Universiteit en die GKSA).
- 5.5 Die professore bind hulle aan die **verlofvoorwaardes** van die Noordwes-Universiteit soos dit deur die Universiteit in oorleg met die Kuratorium en in 'n afsonderlike dienskontrak gereël word. Verlofreëlings word ook volgens die oordeel van die Rektor en Senaat van die Teologiese Skool met goedkeuring van die Kuratorium getref.

5.6 Bywoning van vergaderings

- 5.6.1 Dit word van professore verwag om as lede van die Senaat, en as adviserende lede van die Kuratorium, die vergadering van die Kuratorium, by te woon.
- 5.6.2 Die professore woon in die reël, op uitnodiging van Partikuliere Sinodes en volgens die reëling van die Senaat, die vergaderings van Partikuliere Sinodes en ander Nasionale Sinodes by. Die reiskoste is die verantwoordelikheid van die betrokke vergadering waarheen die professor gegaan het.
- 5.6.3 Professore woon ook wetenskaplike vergaderings by, en vir reiskoste in hierdie verband moet voorsiening gemaak word deur middel van die begroting van die Nasionale Sinode en 'n voorlegging in hierdie verband deur die Kuratorium (acta 1976: 102).

5.7 Buitelandse besoekers/besoek

- 5.7.1 Van tyd tot tyd vind daar oor en weer besoeke plaas tussen die Teologiese Skool en Teologiese Skole van kerke met wie ons in korrespondensie is, in besonder Apeldoorn. Ten opsigte van die onkoste daaraan verbonde word op voorlegging van die Kuratorium voorsiening daarvoor in die begroting van die Nasionale Sinode gemaak.
- 5.7.2 Die Kuratorium maak ook in sy begroting aan die Nasionale Sinode voorsiening vir 'n bedrag met die oog op die finansiële implikasies van buitelandse besoekers aan die Teologiese Skool (acta 1973: 595).

5.8 Ontslag, losmaking, emeritering

5.8.1 Die Kuratorium, en indien nodig die Breë Kuratorium, reël alle sake met betrekking tot ontslag en losmaking (artikels 10-14 Kerkorde) van die professore.

5.8.2 **Emeritaat**

5.8.2.1 "Die professore tree normaalweg af op die ouderdom van 65 jaar. By voorlegging van bevredigende getuigskrifte oor gesondheid en werkvermoëns kan die Kuratorium in oorleg met die Noordwes-Universiteit die diens van jaar tot jaar verleng" (acta 1979: 193; vgl. ook acta 1970: 388-389 en acta 1997: 367-370).

5.8.2.2 Die emeritaat tree in werking aan die einde van die jaar waarin die professor die ouderdomsgrens bereik.

HOOFSTUK 7

DIE STUDENTE

1. EENHEID IN OPLEIDING

- 1.1 Daar moet in die opleiding van aanstaande predikante van die GKSA 'n eenheid van opleiding wees. Hierdie ideaal word die beste verwesenlik wanneer 'n student die volledige Kandidaatsertifikaat aan die Teologiese Skool Potchefstroom verwerf. 'n Student kan by die Kuratorium aansoek doen om hoogstens die eerste drie jaar (Kandidaats I-III [BTh aan die NWU]) by 'n ander inrigting te voltooi. (Nasionale Sinode 2006, Acta: 803, 2.3.4.1.1).
- 1.2 Die modules en uitkomste van die Kandidaatsertifikaat oorvleuel sodanig met dié van bepaalde kwalifikasies van die Fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit, dat van studente verwag word om sáám met die Kandidaatsertifikaat soos volg ook vir die NWU-kwalifikasies te registreer:
- Kandidaats I-III = BTh Bybeltale
 - Kandidaats IV = Hons BTh
 - Kandidaats V = MDiv
 - 'n Gedeelte van die Kandidaats VI oorvleuel met die MTh, en studente wat vir Kandidaats VI registreer, kan aansoek doen gelyktydig ook by die NWU vir die MTh te registreer (Nasionale Sinode 2006, Acta: 792-793, 3.1.1).
- 1.2 Die verhouding tussen die Noordwes-Universiteit en die Teologiese Skool word in die Ooreenkoms tussen hierdie twee inrigtings gereël (vgl. **Bylae ?** p. ??). Vgl Nasionale Sinode 2006, Acta: 806, 3.

2. Vereistes vir toelating

- 2.1 'n Student wat voornemens is om in die teologie te studeer met die doel om as predikant in 'n Gereformeerde Kerk te dien, moet gedurende die voorafgaande jaar daarvan aan die Kuratorium kennis gee.
- 2.2 Die student moet 'n voorgeskrewe aansoekvorm en 'n voorgeskrewe mediese sertifikaat inlewer asook 'n vertroulike rapport van die predikant van die gemeente waar hy lidmaat is, ten opsigte van die agtergrond van die student se lewe. Die nodige vorms is by die Registrateur verkrygbaar.
- 2.3 Ten opsigte van die akademiese vereistes moet die student voldoen aan die vereistes wat deur die Universiteit bepaal en in oorleg met die Kuratorium toegepas word.
- 2.4 Die Kuratorium vereis van alle aansoekers om psigometriese toetse by die NWU te ondergaan.

- 2.5 Die eerste drie jaar van die Kandidaatstudie is 'n proeftydperk vir die bekwaamheid en geskiktheid van die student om as herder en leraar op te tree, en hy word noukeurig gemonitor.
- 2.6 Die Kuratorium het die reg om die opname van studente aan die Teologiese Skool te hanteer ooreenkomstig die kerkorde en relevante bepalinge van die GKSA.

3. Funksionering van die Toelatingskomitee

- 3.1 Die Breë Dagbestuur van die Kuratorium tree op as Toelatingskomitee. Voor die aanvang van die studie word vertroulike stukke oor die student behandel. Indien nodig word meer inligting ingewin. Die Kuratore Breë Dagbestuur rapporteer aan die Kuratorium.

Die plaaslike Kerkrade word gevra om enige saak rakende voornemende Kandidaatstudente wat rede tot bedenkinge gee, aan die Toelatingskomitee te rapporteer;

Die Toelatingskomitee kan te eniger tyd sake onder die aandag van die Kuratorium bring (Nasionale Sinode 1958, acta: 388; art. 3.5.3.1 tot 3.5.3.8).

- 3.2 Prosedures van die toelatingskomitee:
- 3.2.1 Voornemende Kandidaatstudente meld by 'n kommissie soos deur die Toelatingskomitee aangewys, aan vir 'n onderhoud;
- 3.2.2 Die hoof van die studentevoorligtingsdiens (of sy afgevaardigde) rapporteer aan die Toelatingskommissie oor die uitslae van die psigometriese toetse wat die voornemende studente afgelê het; dié uitslae word in berekening gebring tydens die onderhoude met die oog op toelating;
- 3.2.3 Tydens die onderhoud vind ook die spreekgawetoetsing plaas;
- 3.2.4 Die kommissie rapporteer terug aan die Kuratore Breë Dagbestuursvergadering, waarna 'n besluit geneem word;
- 3.2.5 Die registrateur stel die voornemende studente skriftelik in kennis van die besluit van die Kuratore Breë Dagbestuur.

4. Spreekgawes

- 4.1 Studente moet bewys lewer van hulle spreekgawes. Voornemende predikantstudente lê gedurende hulle studiejare drie keer spreekgawetoetsing af: tydens hulle Kuratore-toelatingsonderhoud en gedurende Oktober in hul Kandidaats 1 en Kandidaats 2-jaar. Dit behels die volgende:
- die student kry 'n Skrifdeel wat hy moet voorberei. Hy verskyn voor 'n kommissie aan wie hy die voorbereide Skrifdeel voorlees;
 - dan ken die kommissie 'n Skrifdeel aan hom toe wat hy onvoorbereid moet lees;
 - die student kry daarna 'n onderwerp waarvoor hy onvoorbereid moet praat;
 - en tydens sy Kandidaats 1 en 2-jaar ontvang hy 'n onderwerp waarvoor hy onvoorbereid moet skryf.

Die student se spreek- en algemene taalgawes word dus voortdurend gemonitor en indien daar probleme is, word dit via die Uitvoerende Komitee van die Senaat TSP dadelik aangespreek en word die student na deskundiges vir hulp verwys.

5. Funksionering van die Kuratorium in hulle toesig oor Teologiese Studente

5.1 By die Junie-vergadering van die Kuratorium word 'n individuele pastorale gesprek met elke Kandidaats IV-student gevoer.

5.2 By die November-vergadering van die Kuratorium word 'n soortgelyke pastorale gesprek met die Kandidaats VI-studente gevoer.

5.3 Jaarliks word samesprekings gevoer tussen die Senaat van die Teologiese Skool, die nie-beroepe personeel van die Fakulteit Teologie, en die plaaslike predikante. Die samespreking handel oor die algemene gedrag en profiel van die studente. By hierdie vergadering dien ook die rapport van die voorgedosente. Die Senaat doen verslag van hierdie samesprekings aan die Kuratore.

5.4 Preekkollege

Per week word twee periodes vir preekkollege gereserveer. Tydens die periode kry Kandidaats 4-studente die geleentheid om voor die ander studente te preek. Elke student kry drie geleenthede per jaar. Die bywoning van die preekkollege is verpligtend vir alle Kandidaatstudente. Tydens die preekkollege word die student se preek deur twee professore beoordeel en bespreek. Twee Kandidaats 5- of 6-studente word deur die professore aangewys om kritiek te lewer oor die inhoud en voordrag van die preek. 'n Kommunikasiekundige is by een preekkollege van elke student teenwoordig, en hy evalueer die student vanuit die hoek van die Kommunikasiekunde. Die preekkollege-rooster word aan die begin van elke semester beskikbaar gestel.

5.5 Die lei van eredienste in gemeentes

Kandidaats 5-studente moet drie eredienste (preke ingesluit) in gemeentes lei. Hulle kry begeleiding van twee professore. Twee ander professore word aangewys om die betrokke student se optrede in die gemeente te evalueer. Die administratiewe assistent stel in oorleg met die betrokke predikante 'n erediensrooster op. Hierdie rooster word aan die begin van die jaar beskikbaar gestel. Dit is die student se verantwoordelikheid om by die skedule wat die Senaat vir die preekmaakproses beskikbaar stel, te hou. Die Vrydag voor die preek moet die student 'n afskrif van die preek aan die aanhoorders besorg. 'n Professor van Kommunikasiekunde maak een van die drie eredienste mee. Die administratiewe assistent sien toe dat die studente se eredienste nie in die gemeente waar hy lidmaat is, plaasvind nie.

Kandidaats 6-studente kry aan die begin van hulle kandidaats 6-jaar 'n Skrifgedeelte om 'n preek te maak, Vier dae later moet hulle die preek by die twee professore inhandig wat moet oordeel of die preek gepreek mag word. Drie dae later moet hulle die preek in die Kerkgebou preek, waartydens twee professore en 'n professor in Kommunikasie die aanhoorders is. Hulle lewer kommentaar wat die student moet verreken. Die preek bly egter die student se eie werk. Die student preek dan hierdie

preek as eksamenpreek as deel van 'n erediens in 'n gemeente (waar hy nie lidmaat is nie), volgens die preekrooster wat deur die administratiewe assistent opgestel is. Die rooster word aan die begin van die jaar beskikbaar gestel. Twee ander professore en die professor in Kommunikasiekunde maak die erediens mee en beoordeel die student se totale optrede, die preek ingesluit. Die tersaaklike uitslae van die evaluering van eredienste in die gemeentes, asook die uitslae van die Kuratore-preke van die betrokke student(e) word deur die professore saamgeneem na die Part Sinodes waar die betrokke student geëksamineer word.

5.6 Kuratorepreke

Kandidaats 5-studente moet een kuratorepreek indien – 'n lys van Skrifdele word aan die begin van elke jaar beskikbaar gestel, Elke Kandidaats 5-student kies 'n Skrifdeel. Geen twee studente mag dieselfde Skrifdeel kies nie. 'n Preek word dan uitgewerk en viervoudig by die administratiewe assistent ingehandig op die afgesproke datum in Oktober. Die administratiewe assistent stuur dan aan twee kuratore en een professor van elke preek 'n afskrif, tesame met die lys van Skrifdele. Een afskrif word geliasseer. Sy stel 'n kuratorepreekrooster op, waarvolgens die student dan voor die kommissie van twee kuratore en een professor preek (gewoonlik op die dag waarop die November-Kuratorevergadering begin). Die uitslag van die preek dien op die vergadering. Indien die student die preek slaag, kry hy tydens die Promosieplegtigheid (die volgende aand) preekkonsent vir een jaar, totdat hy by die betrokke Part Sinode aanmeld.

Kandidaats 6-studente moet vier kuratorepreke indien – 'n lys van Skrifdele word aan die begin van elke jaar beskikbaar gestel, Elke Kandidaats 6-student kies vier Skrifdele. geen twee studente mag dieselfde deel kies nie. Preke word dan uitgewerk en viervoudig by die administratiewe assistent ingehandig op die afgesproke datums (in Mei en Oktober). Die administratiewe assistent stuur aan 2 kuratore en een professor een kopië van elke preek, tesame met die lys van Skrifdele. Een kopië word geliasseer. Sy stel ook 'n kuratorepreekrooster op. Volgens dié rooster moet die student dan een van die twee ingediende preke voor die kommissie van twee kuratore en een professor preek op die dag waarop die Junie- en November-Kuratorevergadering begin. Die uitslag van die preke dien op die vergadering. Indien die student al sy vakke en die preek slaag, kry hy tydens die Promosieplegtigheid (in November) sy Kandidaatsertifikaat, waarmee hy by die tersaaklike Part Sinode aanmeld. Indien 'n student met voltydse verdere studie na sy Kandidaats 6-studies wil aangaan, moet hy skriftelik by die Kuratorium 'n versoek indien. Op versoek kan die Kuratorium dan ook sy preekkonsent vir 'n jaar verleng en dit opnuut by die Promosieplegtigheid aan hom uitreik.

5.7 STUDENTE SE VOORGAAN IN GEMEENTE-EREDIENSTE

5.7.1 Beoordeling van die Kandidaat 5 & 6 studente as liturg

Omdat studente opgelei word om as liturg in die erediens op te tree, is beoordeling hiervan nodig. Studente moet vooraf met die predikant en/of skriba van die betrokke gemeente in aanraking kom sodat hulle kan die reëlings van die betrokke kerk ten opsigte van die liturgie kan verreken. Die kerkraad se moontlike voorkeure oor die liedere asook die inhoud van die gebede en die algemene hantering van die liturgie

moet verreken word. Studente moet die betrokke erediens-gebede uitskryf en vooraf aan die betrokke professor vir advies voorlê.

5.7.2 Beoordeling van die preekordrag

Studente word deur die preekmaak-proses begelei, en mag die preek eers in erediens preek nadat die betrokke professore toestemming daartoe verleen het. Die proses vir elke preek word begelei deur 'n kommissie van twee professore: die professor in Homiletiek en soos toepaslik die professor in Ou Testament of die professor in Nuwe Testament of die professor in Dogmatologiese Vakke. Die student moet begryp dat dit nie net om die produk (die preek) gaan nie, maar dat die proses van preekmaak juis belangrik is. Benewens die beoordeling van die student se optrede in die gemeente deur die professore-kommissie, stel die Senaat dit op prys om ook die betrokke kerkraad se beoordeling te ontvang., of die student met integriteit oorgekom het en of hy 'n preek gelewer het as verkondiging en nie bloot 'n lesing nie. Kommentaar wat kerkrade lewer moet wees op grond van die aanhoor van die preek en nie op die teks wat die student vooraf uitgeskryf het nie.

5.8 Na die geslaagde voltooiing van die Kandidaats V ontvang studente van die Kuratorium preekkonsent, die verlof tot oefening van hulle preekgawes in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

5.9 Na die suksesvolle voltooiing van die Kandidaats VI ontvang die studente van die Kuratorium die Kandidaatsertifikaat, waarna hulle hulle tot die betrokke Partikuliere Sinode kan wend met die oog op die proponent-eksamen.

6. KLASGELD

Klasgeld aan die Teologiese Skool word bepaal volgens die toepaslike regulasies van die NWU.

7. STUDENTEAKTIWITEITE

7.1 Studentelewe aan die NWU

Vanweë die belangrike vormende invloed van die studentelewe beveel die Kuratorium aan dat teologiese studente daaraan deelneem en desgewens leiding gee. Die studie moet egter nie hierdeur skade lei nie.

7.2 Studenteverenigings

Ooreenkomstig die tradisionele samewerking tussen die Teologiese Skool en die NWU neem die teologiese studente deel aan die verenigingslewe wat aan beide inrigtings bestaan, met inagneming van die bepalings insake studentelewe.

Die teologiese studente het egter ook hulle eie vereniging, naamlik die Teologiese Studentevereniging (TSV).

HOOFSTUK 8

Kurrikulums

U aandag word gevestig op die Jaarboek van die Fakulteit Teologie van die NWU vir die volledige uiteensetting van die Kurrikula van die Kandidaats I-VI.

Studente wat die Kandidaats V met 'n gemiddeld van 65% of hoër verwerf het, kan by die rektor van die TSP verlof ontvang om saam met die Kandidaats VI ook vir die MTh aan die NWU te registreer. Dit beteken dat sodanige student, benewens die 14 modules, ook vir die spesialiteitsvak-module en die skripsie-module moet registreer (vgl die Jaarboek van die Fakulteit Teologie van die NWU).

1. KANDIDAATSSERTIFIKAAT EN BEROEPBAARSTELLING

- 1.1 Suksesvolle studente verwerf na ses jaar hulle Kandidaats-sertifikaat.
- 1.2 Na voltooiing van die Kandidaatseksamen kan 'n student hom by 'n partikuliere sinode aanmeld vir eksaminering en beroepbaarstelling.

2. EKSAMINERING

2.1 Deelnamepunt

Die wyse waarop die deelnamepunt bereken word, asook die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt, word in die studiegids van elke module vermeld.

2.2 Tyd

Die eerste semester se eksamen word gewoonlik in Junie afgeneem en die tweede semester s'n die laaste deel van Oktober en begin November.

2.3 Mondelinge en skriftelike eksamens

Alle vakke wat finaal afgeskryf word, asook al die vakke van die Kandidaats-VI word mondeling afgeneem deur die vakdosent, 'n eksterne eksaminator en een kurator.

Alle ander eksamens word skriftelik afgeneem. Die vraestelle sowel as die antwoordstelle is vir die Kuratorium ter insae, en die Kuratorium ontvang rapport van alle uitslae (Acta, 1973:479).

2.4 Duur

'n Mondelinge eksamen duur ongeveer 40 minute, waarvan die vakdosent ongeveer 30 minute gebruik en die ander eksaminatore 10 minute. 'n Skriftelike eksamen se duur word in oorleg met die Fakulteit Teologie bepaal, en duur tipies 3 uur of soos anders besluit (Acta, 1973:479).

2.5 Moderering

Alle skriftelike eksamens word afgeneem deur die vakdosent en nog 'n eksaminator deur die Senaat benoem. Die TSP skakel in by die sisteem van eksterne eksaminering en moderering soos gereël deur die Fakulteit Teologie van die NWU vir dié modules wat binne die Kandidaats en 'n NWU-kwalifikasie identies is.

2.6 Finale punt

Die finale punt van 'n kursuseenheid word saamgestel uit die eksamenpunt plus die deelnamepunt in die verhouding soos in die betrokke module se studiegids bepaal.

'n Student slaag in 'n module as hy 'n finale punt van ten minste 50% daarin behaal het, met 'n subminimum van 45% as eksamenpunt.

2.7 Heroorweging (vgl. regulasie A.8.4 van die NWU in hierdie verband)

'n Dosent kan onder leiding van die skooldirekteur die punte van 'n student wat nie aan die slaagvereistes voldoen het nie, heroorweeg. Dit hoef nie noodwendig deur 'n skriftelike of mondelinge eksamen te geskied nie. In sodanige gevalle kan bepaal word of die betrokke student 'n slaagpunt of in ander gevalle waar 'n student aanvanklik net minder as 'n onderskeidingspunt behaal het 'n onderskeidingspunt kan kry.

2.8 Aantal eksamengeleenthede (vgl. regulasie A.8.1.1 van die NWU in hierdie verband)

'n Kandidaats 1-4-student wat 'n deelnamebewys verwerf het, het twee geleenthede waartydens eksamen in elke module afgelê kan word, waarvan die student enige een of albei kan benut, met dien verstande dat, indien 'n student albei sodanige geleenthede benut, die punt wat by die tweede geleentheid behaal word, die modulepunt bepaal.

'n Tweede eksamengeleentheid word slegs aan Kandidaats 5- en 6-studente toegestaan indien dit in die lig van die student se algemene akademiese prestasies geregverdig is en/of die sinvolle voortgang van die betrokke student se studie daardeur gedien kan word.

'n Siekte -eksamen kan slegs aan Kandidaats 5- en 6-studente toegestaan word wanneer voldoende bewys (byvoorbeeld deur die indien van 'n mediese sertifikaat) van die siekte gelewer is. Indien daar twyfel bestaan, kan die Senaat en Kuratorium self mediese getuienis aanvra op grond van spesifieke vrae aan een of meer medici.

2.9 Onderskeiding

Om die Kandidaatssertifikaat met onderskeiding te verwerf moet 'n student 'n gemiddelde van 75% behaal in die geheel van sy werk oor die ses jaar.

3. KANDIDATE, PROPONENTE EN BEDIENAARS VAN DIE WOORD VAN ELDERS

Kandidate, proponente en bedienaars van die Woord wat elders gestudeer het, dit wil sê nie aan die Teologiese Skool Potchefstroom nie, en wat graag by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in diens van die Woord wil tree, wend hulle eers tot die Senaat van die Teologiese Skool waarop daar volgens die vasgestelde wyse bepaal word of hulle 'n sertifikaat van aflegging van die Kandidaatseksamen, of 'n toepaslike gelykstaande getuienis kan ontvang, soos dit vereis word vir die Voorbereidende Eksamen (Acta, 1973:484).

HOOFSTUK 9

ADMINISTRASIE EN ALGEMENE ORGANISASIE

1. KANTOORADMINISTRASIE (vgl. organigram van die Teologiese Skool en Fakulteit Teologie [hfst. 2])

Die Kuratore magtig die Rektor om as sy verteenwoordiger met die Administratiewe Buro oorleg te pleeg in sake wat die Registrateur en ander personeel asook die administrasie van die Teologiese Skool raak.

- 1.1 As sodanig staan die Rektor aan die hoof van die Kantooradministrasie en hy word hierin bygestaan deur die Registrateur en Administratiewe Assistent.
- 1.2 Die Registrateur behartig onder andere die skribaat van die Kuratorium en Senaat van die Teologiese Skool en van die subkommissies van hierdie liggame, tensy anders gereël.

Die Registrateur verrig sy/haar werksaamhede ooreenkomstig 'n pligtestaat soos opgestel en goedgekeur deur die Kuratorium. Dit geskied in oorleg met die Fakulteit Teologie aangesien die Registrateur tegelyk die administratiewe bestuurder van die Fakulteit is en verantwoordelik is vir die administratiewe werk van die Fakulteit. Die Registrateur word deur 'n administratiewe assistent ondersteun. Die werk van die Registrateur sluit onder meer die volgende in:

- 1.2.1 Tree op as sekretaris van die volgende vergaderings:
 - Kuratore Breë Dagbestuur,
 - Kuratore,
 - Beroepingsvergadering,
 - Kommissie vir Finansiële Ondersteuning
 - Senaat TSP
- 1.2.2 Is verantwoordelik vir:
 - die opstel en verspreiding van die agendas,
 - die opstel en verspreiding van die notules,
 - alle korrespondensie wat uit vergaderings mag ontstaan;
 - opstel van rapporte, o.a. senaatsrapport en rapport aan Sinode;
 - bewaring van vergaderingsdokumente;
 - Opstel van die begroting vir die TSP Eiendomme;
 - Behulpsaam met die begroting van die TSP.
- 1.2.3 Sien verder toe dat die:
 - praktiese werk van die Kandidaats 4-6 gereël word;

eksamenpreke in gemeentes gereël word en glad verloop;

spreekgawetoetsing plaasvind;

Kuratore-preke ingehandig en versend word;

Nagraadse eksamenrooster opgestel word;

Kandidaatstudente se punte verwerk word en beskikbaar is vir die Kuratore;

Jaarlikse Promosieplegtigheid gereël word;